Die riglyn dat die owerheid se inmenging beperk moet word in die outonomie van instellings op die nie-politieke terrein, het belangrike implikasies vir die burger. Hierdie riglyn, wat inpas in die hele netwerk van grondwetlike reëlins, hou rekening met die feit dat daar 'n tal van aktiwiteite in 'n samelewing is wat deur verskillende groepe, dikwels binne organisasies en instellings, beoefen word en waar juis die vryheid om sonder staatsinmenging voort te gaan, beskerm moet word. Kulturele, godsdienstige en sportaktiwiteite is hiervan besondere voorbeelde, sowel as verskillende beroeps-, professionele en ander belangessfeer, wat deur outonome instellings tot die ordelike struktuur van die gemeenskap bydra. Die werklikheid van groepe, legitieme groepsbelange en die feit dat daar altyd minderheidsgroepe in die gemeenskap is, word in die Nasionale Party se riglyne erken. Daarom word voorgestel dat die owerheid se vermoë om onnodiglik in te meng, beperk word. Deur hierdie beginsel effek-

tief in die grondwet in te bou (en ook verdere beslag daaraan te gee in die Handves van Fundamentele Regte) word aan gemeenskappe selfseggenskap ge-waarborg ten opsigte van die professionele, sake- en beroepslewe, vakbondwese, onderwys en kultuur, sport, godsdien, taal, tradisie en nie-politieke gemeenskapslewe.

Kommentaar kan na afloop van die Federale Kongres, gerig word aan:

**Die Sekretaris-Generaal
Nasionale Party
Posbus 56503
Arcadia
0007**

die breë grense van 'n munisipale gebied voorsiening te maak vir 'n geografiese buurt wat op 'n nie-rassige basis 'n opsie uit oefen vir selfbeskikking oor gemeenskaplike belange. Hierdie konsep behels dat

- * 'n aaneenliggende geografiese area binne 'n munisipale gebied op vrywillige basis kan besluit om 'n Buurtraad in te stel
- * die Buurtraad deur die inwoners van die Buurt verkies word
- * aan die Buurtraad outonome bevoegdheid verleen kan word vir sake van die Buurt soos
 - die regulering van norme en standaarde van die woonomgewing
 - reëlins rakende eiendomsgebruik
 - die voorsiening van gemeenskaps-fasiliteite
 - sekuriteitsaangeleenthede en burgerlike beskerming
 - aangeleenthede wat kragtens ander wette aan 'n Buurtraad opgedra kan word, byvoorbeeld aspekte van onderwys en welsyn
- * die Buurtraad die bevoegdheid kan hê om 'n addisionele heffing op sy inwoners te plaas ter bevordering van spesifieke projekte binne sy jurisdiksiegebied.

By die totstandkoming van Buurtrade kan bestaande betalersverenigings en burgerlike verenigings 'n belangrike rol speel.

VRYHEID EN GERECHTIGHEID VIR ALMAL IN DIE NUWE SUID-AFRIKA

Die hooftrekke van die Nasionale Party se grondwetlike denke is hierin geskets. Die beginsels wat die Nasionale Party in 'n grondwet ingebou wil sien, moet 'n raamwerk skep waarbinne verskillende reëlins gesamentlik 'n netwerk vorm om ware vryheid en gerechtigheid vir almal te verseker. Daar word dus nie op enkele voorskrifte of reëlins staatgemaak om die regte van die individu of van minderheidsgroepe te beskerm nie. Die voorgestelde riglyne werk trouens almal saam om op veral drie terreine die belange van alle Suid-Afrikaners te beskerm:

Politieke inspraak en effektiewe deelname in owerheidstrukture

Die riglyne wat voorgestel word, is daarop ingestel om oor die volle spektrum van die owerheidstruktuur politieke inspraak en effektiewe deelname in owerheidstrukture te verseker. In hierdie verband word die aandag veral gevestig op die belangrike rol wat die Tweede Huis vervul. Hy het die belangrike funksie om die grondwet, minderheidsbelange en streekbelange te beskerm. Die feit dat die uitvoerende gesag berus by 'n Presidensie waarin die belangrikste leiersfigure opgeneem word, waarborg deelname oor die breëds moontlike politieke spektrum. Ten slotte streef die reëling wat op plaaslike vlak voorgestaan word na 'n gesonde balans terwyl die buurtraad-konsep ordelike en vreedsame woonomgewings kan verseker. Dominasie word deur hierdie voorstelle uitgeskakel.

vertrekpunte uit:

* Die grondslag vir die plaaslike owerheidstelsel, naamlik dat plaaslike regering 'n demokraties-verkose, outonome regeringsvlak is wat in elke geval binne 'n eie jurisdiksiegebied beklee is met wetgewende, uitvoerende en fiskale gesag, moet in die grondwet neergelê en verskans word.

* 'n Nasionale Wet op Plaaslike Regering, wat produk van die (nasionale) staatkundige onderhandelingsproses moet wees, moet die breë prinsipiële en strukturele raamwerk vir die plaaslike regeringsvlak daarstel.

* Voortvloeiend uit onderhandeling op plaaslike vlak moet 'n formele reëling of oktrooi vir elke plaaslike owerheid opgestel en ingevolge die Wet op Plaaslike Regering gepromulgeer word, om dan as die "plaaslike grondwet" van die betrokke plaaslike owerheid te dien.

Deelnemende Demokrasie op Plaaslike Vlak

Op plaaslike owerheidsvlak kry die term deelnemende demokrasie 'n besondere betekenis. Op hierdie vlak, waar mense elke dag woon, werk en ontspan, is dit noodsaaklik dat 'n raamwerk vir goeie orde en samewerking geskep moet word. Dit is egter ook ongelukkig so dat die groot gaping tussen ontwikkelde gebied en agtergeblewe gebied juis hier na vore kom. In belang van die ontwikkeling van stabiele gemeenskappe (en daarom in belang van Suid-Afrika se toekoms) moet 'n bedeling gevestig word wat polities billik is vir alle komponente van die samelewing.

Hierdie balans moet prakties beslag kry by die samestelling van die politieke gesagsliggaam op plaaslike vlak, die Stadsraad. Binne die grense van elke dorp of stad word slegs een nie-rassige plaaslike owerheid tot stand gebring, met een administrasie en een belastingbasis.

Die Stadsraad

Deelnemende demokrasie kan op plaaslike vlak op verskillende wyses bewerkstellig word, onder meer deur

* die Stadsraad op 'n wyksverteenvoordigingsbasis te kies en by die afbakening van wyke eiendomswaardasie en kiesersgetalle in 'n billike verhouding met mekaar as grondslag te aanvaar

* stemreg te bepaal met inagneming van sowel die belange van alle wettige inwoners asook die besondere belange van eienaars, huurders en belastingbetalers

* 'n kombinasie-model te oorweeg waarvolgens byvoorbeeld die helfte van die Stadsraadslede deur 'n kiesersrol waarop alle inwoners se name verskyn, gekies word en die ander helfte gekies word deur 'n kiesersrol waarop slegs eienaars, huurders en belastingbetalers se name verskyn

* voorsiening te maak vir spesiale besluitnemingsprosedures, soos byvoorbeeld 'n verhoogde meerderheid in die stadsraad ten opsigte van omskrewe sensitiewe aangeleenthede.

Buurtrade

Die Nasionale Party erken die behoefte om binne

wantrou in die Presidensie kollektief (maar nie in die individuele lede daarvan nie), in die Kabinet en in individuele Ministers aanneem.

STREEKREGERING

Inleiding

Daar is reeds in die voorafgaande gedeelte daarna verwys dat voorsiening gemaak word vir verteenwoordiging vir die verskillende streke in die Tweede Huis van die Sentrale Parlement. Daar is ook reeds daarna verwys dat die huidige nege ontwikkelingsstreke as 'n beginpunt van die beplanning van 'n streekregeringbedeling gebruik kan word. Hierin word nou die vraag hoe so 'n streekregering saamgestel kan word, aan die orde gestel.

Ten einde deelnemende demokrasie en magsdeling vir meerdere politieke partye te verseker, moet ook op die tweede en derde owerheidsvlakke maatreëls vir effektiewe minderheidsbeskerming ingebou word in ooreenstemming met die beginsels wat reeds op die eerste owerheidsvlak neerslag vind.

Die Wetgewende Gesag

'n Verkose Wetgewende Raad vir elke streek word voorgestel waarin

* die getalsterkte deur die getal van die kiesersbevolking bepaal word

* die verteenwoordigers uit kiesdistrikte binne die streek op proporsionele grondslag verkies word

* dit ook oorweeg kan word om deel van die Wetgewende Raad deur derdevlakowerhede of moontlike substreke op indirekte wyse te laat aanwys

* besluitnemingsprosedures voorsiening maak vir beskerming van minderheidsbelange en ander skrewe aangeleenthede.

Die Uitvoerende Gesag

Die Uitvoerende Komitee van 'n streek sal saamgestel kan word uit drie tot vyf leiers van die politieke partye wat 'n voorafbepaalde minimum verteenwoordiging in die Wetgewende Raad het volgens dieselfde stelsel as wat vir die Presidensie op eerstevlak uiteengesit is. Die Uitvoerende Komitee moet kollektief as 'n eenheid funksioneer en elke lid daarvan moet verantwoordelik wees vir 'n spesifieke portefeulje.

Substreke

Binne streke kan die moontlikheid van substreke of distriksbesture vir gebiede met besondere belange en samehörigheid as 'n opsie voorsien word.

PLAASLIKE REGERING

Grondwetlike raamwerk

Die Nasionale Party gaan uit die volgende

liggaam 'n vasgestelde minimum hoeveelheid steun uit die streek ontvang het, word 'n gelyke aantal van die streek se setels in die Tweede Huis toegeken. Elke demokratiese party in die land wat dus 'n redelike hoeveelheid steun in 'n streek geniet, word in die Tweede Huis verteenwoordig. Die uitwerking hiervan is die gelyke verteenwoordiging van sowel die streke as van die politieke partye met noemenswaardige steun.

Die funksies van die Tweede Huis is om

* **die wetsontwerpe wat die Eerste Huis goedkeur en waarvoor verhoogde meerderhede nie vereis word nie, te oorweeg en met 'n gewone meerderheid aan te neem**

* **wetgewing wat**

- **die grondwet wysig**
- **betrekking het op die belange van minderhede**
- **betrekking het op die belange van streke**
- **in die grondwet verskans is**

te oorweeg en met 'n verhoogde meerderheid aan te neem

* **wetgewing oor omskrewe sake en wat die spesifieke belange van minderhede en streke raak, te inisieer.**

Uitvoerende Gesag

Die kern van die Nasionale Party se voorstel is dat

die uitvoerende gesag nie slegs uit een party nie, maar uit lede van die belangrikste partye saamgestel moet word.

Daar word dus voorkeur gegee aan 'n veelparty-regering (waarvan Wes-Europese koalisie-regerings, 'n voorbeeld is) bo 'n stelsel waar die meerderheidsparty alleen die uitvoerende gesag vorm ('n resultaat waartoe die Westminster-stelsel gewoonlik lei).

Die huidige grondwet konsentreer funksies en gesag uitermatig in die hande van 'n enkele persoon, nl. die Staatspresident. In plaas daarvan word voorgestel dat 'n kollektiewe hoofskap van die staat en die regering ingestel word, bekend as die Presidensie. Die Presidensie bestaan uit die leiers van die drie grootste partye in die Eerste Huis. Ingeval die drie grootste partye nie gesamentlik minstens die meerderheid van die kiesers verteenwoordig nie, sal die Presidensie aangevul word met soveel meer leiers van partye as wat, in volgorde van grootte, nodig is om 'n gesamentlike meerderheid te verteenwoordig. 'n Party wat hiervolgens vir deelname kwalifiseer, sou, indien hy so verkies, van deelname kan afstand doen.

Die voorsitterskap van die Presidensie kan tussen lede roteer op 'n jaarbasis². Besluite word deur konsensus geneem. Insgelyks kan 'n Staatspresident op roterende basis uit die geledere van die Presidensie aangestel word.

Die Presidensie stel by konsensus Ministers aan wat 'n veelparty-kabinet vorm en wat verplig is om die beleid van die Presidensie uit te voer.

Die twee Huise van die Parlement kan 'n mosie van

² 'n Voorbeeld hiervan bestaan in Switserland

outonome gesag (dit wil sê oorspronklike en verskanste gesag waarmee die ander owerheidsvlakke nie kan inneng nie) toeken. Die Grondwet moet dus bepaal watter magte, pligte en bevoegdheede sal berus by die sentrale owerheid, die streekowerheid en die munisipale of plaaslike owerheid. Daar moet telkens bepaal word deur watter owerheidsvlak 'n bepaalde funksie op die mees doelmatige en effektiewe wyse uitgevoer kan word. Terwyl sommige owerheidsfunksies in hulle geheel by een van die drie vlakke geplaas kan word, ander funksies gepas verdeel kan word tussen al drie vlakke ten einde aan elke vlak daardie aspek van 'n funksie toe te ken wat op die mees effektiewe wyse ten bate van die gemeenskap daar hanteer kan word.

*** Tweedens kan effektiewe inspraak in en deelname aan die staatsgesag deur meerdere partye bewerkstellig word.**

Hierdie beginsels word vervolgens toegelig deur die raamwerk van 'n model te skets.

DEELNEMENDE DEMOKRASIE : 'N POLITIEKE MODEL

INLEIDING

Hierdie uiteensetting bied die raamwerk van 'n model wat die voorgaande beginsels beliggaam. Die Nasionale Party het reeds 'n mandaat gekry om 'n nuwe grondwet gebaseer op hierdie beginsels, te onderhandel. Hierdie bepaalde model is nie noodwendig 'n onveranderlike finale voorstel nie. Dit kan hersien word deur verdere besinning in die NP en as gevolg van on-

derhandelings en ook in die lig van die verwagte verslag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie oor fundamentele regte en oor grondwetlike modelle wat vir die Suid-Afrikaanse situasie toepaslik kan wees.

SENTRALE REGERING

Die Parlement

Daar word voorgestel dat die Parlement uit twee huise moet bestaan. Albei Huise moet wetgewing aanvaar.

Die Eerste Huis

Die eerste Huis word proporsioneel verkies, sodat elke politieke party 'n aantal setels ontvang in ooreenstemming met die aandeel aan politieke steun wat die party kragtens 'n algemene verkiesing nasionaal geniet. Die kiesstelsel kan ingerig word dat kiesers ook die geleentheid kry om hulle voorkeur vir spesifieke kandidate in bepaalde kiesdistrikte uit te spreek sonder dat die vereiste van proporsionaliteit opgeoffer word.¹

Wetgewing word deur gewone meerderheid aanvaar, maar onderhewig aan verhoogde (bv. twee-derde) meerderheid vir daardie sake wat in die Grondwet verskans word.

Die Tweede Huis

'n Tweede Huis, wat kleiner as die Eerste Huis is, word voorgestel. Aan elke streek word daar 'n gelyke aantal setels in die Tweede Huis toegeken. Aan elke party wat in die verkiesing van die streek se wetgewende

¹ So 'n stelsel word in Duitsland toegepas.

loopbaansekuriteit vir werksnemers van die staat moet verseker word en die Kommissie vir Administrasie moet met voldoende outonomie beklee word.

Deur hierdie sewe beginsels effektief in die Grondwet in te bou, kan verseker word dat

- * **die belange van die burgers soos dit in die grondwet verskans is, deur die owerheid eerbiedig moet word**
- * **die fundamentele regte van die individu, insluitende regte wat hy in groep- en gemeenskapverband uitoefen, teen inbreukmaking beskerm word**
- * **die owerheid ondergeskik staan aan die reg en nie besluite na willekeur kan neem nie**
- * **die owerheid nie sal inneng op terreine waar daar nie regsmagtiging daarvoor bestaan nie**
- * **magnisbruik en wanadministrasie aan bande gelê word**
- * **die grondwet in stand gehou word.**

DIE TWEEDE PILAAR : DEELNEMENDE DEMOKRASIE

Met "deelnemende demokrasie" word bedoel dat 'n regeringstelsel ontwikkel word waarin verskillende politieke partye effektiewe deelname verkry en waarin daar dus *magsdeling* plaasvind. Dit staan teenoor die *Westminster-stelsel* waarin meestal een party uitsluitlik

oor die mag beskik.

Hierdie pilaar hou rekening met die verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing en die werklikheid van die bestaan van 'n veelheid van ekonomiese, maatskaplike en kulturele belangegroepes. Sulke groepe bestaan nie in die gemeenskap omdat hulle in wetgewing geskep of erken word nie, maar deurdat mense op 'n natuurlike wyse en vrywillig met mekaar assosieer sodat hulle belange van die een of ander aard met mekaar deel. In sy Vyfjaar Aksieplan van 1989 het die Nasionale Party onderneem om deur onderhandeling tussen leiers te soek na 'n regverdiger en sinvoller grondslag as ras en kleur waarop groepe vir doeleindes van politieke deelname gedefinieer kan word. Op staatkundige terrein is die politieke party die mees effektiewe wyse waarop sulke groepe se belange behartig kan word. Op ander terreine definieer belangegroepes hulleself volgens ander kriteria. Dit is die Nasionale Party se oortuiging dat 'n nuwe grondwet vir elke lewensvatbare politieke party ruimte moet skep om 'n effektiewe rol op plaaslike, streeks- en sentrale owerheidsvlak te vervul.

Hierdie uitgangspunt kan op twee wyses bewerkellig word:

- * **Eerstens kan politieke gesag verdeel word tussen verskillende owerhede. Die belangrikste hiervan is die verdeling van gesag tussen die verskillende vlakke van regering. Hierna word gewoonlik verwys as die beginsel van devolusie van gesag.**

Funksies moet so tussen die verskillende owerheidsvlakke verdeel word dat die grondwet aan elke vlak

na geregtigheid en die beperking van owerheidsgesag. Die Nasionale Party aanvaar die *rule of law* as die fondament waarop so 'n strewende gebou moet word. Die term het egter binne die eiesoortige milieu van die Westminster-stelsel en 'n ongeskrewe grondwet ontwikkel. Die term *regstaat* word daarom gebruik om aan te dui dat gestreef word na 'n stelsel wat goedsdiks as "grondwetlike regering" beskryf kan word; 'n stelsel waarin die grondwet en die reg die bron van, maar tegelykertyd ook die beperkende faktor is op, die bevoegdheid van die regering is.

Die begrip "regstaat" (Engels: Constitutional state) gee uitdrukking aan die siening dat

die grondwet van 'n land die gesag van die owerheid so moet reguleer dat vryheid, geregtigheid en regsekerheid vir elkeen gewaarborg word.

Dit gaan dus om 'n grondwetlik verskanste regsbedeling waarin sewe beginsels vervat word:

* Die grondwet moet die oorkoepelende maatstaf en riglyn vir die staat en die burger wees. Derhalwe sal dit 'n hoër status as alle ander reg geniet, sal dit slegs gewysig kan word as spesiale prosedures gevolg word en sal die nakoming van die voorskrifte daarvan deur die geregshoue afgedwing kan word.

* 'n Handves van Fundamentele Regte moet grondwetlik beskerm word en geregtelik afdwingbaar wees. Daardeur sal die burger toegerus wees om hom teen onregmatige optrede van die owerheid te verweer. Effektiewe beskerming van die fundamentele regte van die individu bied tegelyk belangrike beskerming vir die

belange van groepe en gemeenskappe.

* 'n Onafhanklike regsprekende gesag is 'n sluitstuk van die regstaat. 'n Onafhanklike howestruktuur moet oor die jurisdiksie beskik om wette van die Parlement en optredes van die regering ongeldig te verklaar as dit nie in alle opsigte aan die maatstawwe van die Grondwet en die Handves van Fundamentele Regte voldoen nie. Die individu moet vrye toegang tot die hove geniet.

* Organisasies en instellings wat op nie-politieke terreine funksioneer, moet die hoogste moontlike mate van selfsegenskap ten opsigte van hulle eie belangterreine in die burgerlike gemeenskap geniet. Volledige erkenning met grondwetlike verskansing moet aan hulle outonomie in hierdie verband verleen word.

* Meganismes moet ingebou word om te voorkom dat owerheidsgesag en staatstrukture misbruik word. Die amp van 'n onafhanklike en objektiewe Ombudsman moet ingestel word. Die Ouditeur-Generaal, die Kommissie vir Administrasie en die Reserwebank moet met groter outonomie beklee word en 'n prosedure vir die aanstelling van regters moet die objektiwiteit, professionaliteit en selfstandigheid van die Regbank verseker.

* Die integriteit van die grondwet moet verseker word en teen magsingrype beskerm word. 'n Stelsel wat effektiewe en gebalanseerde beheer verseker oor die veiligheidsmagte as die onpartydige en professionele instrument om die grondwet te alle tye in stand te hou, moet ontwikkel word.

* 'n Onpartydige en professionele staatsdiens met

oorweeg moet word. Die huidige ontwikkelingstreke wat binne RSA-verband as beginpunt gebruik kan word, bestaan tans uit

Streek A (Wes-Kaap), **Streek B** (Noord-Kaap), **Streek C** (Oranje-Vrystaat en Qwaqwa), **Streek D** (Oos-Kaap), **Streek E** (Natal en KwaZulu), **Streek F** (Oos-Transvaal en KaNgwane), **Streek G** (Noord-Transvaal, Lebowa en Gazankulu), **Streek H** (PWV-gebied en KwaNdebele) en **Streek J** (Wes-Transvaal)

Alhoewel die huidige ontwikkelingstreke ook die vier onafhanklike nasionale state (die TBVC-state) kragtens ooreenkomste vir doeleindes van samewerking ten opsigte van streekontwikkeling insluit, sal hulle verhouding tot 'n nuwe Suid-Afrika deur onderhandeling bepaal moet word.

Wat plaaslike owerhede betref, sal munisipale grense op sinvolle geografiese grondslag getrek moet word om die huidige grense wat 'n rassebasis het, te vervang. 'n Afbakeningsraad sal hierdie taak gepas kan hanteer. 'n Vraag wat aandag verdien, is of die begrippe "munisipaliteit" en "stadsraad" nie moet verbreed om die totale distrik (dit wil sê dorp en sy plattelandse gebied) in te sluit nie.

DIE SKEIDING VAN MAGTE

'n Duidelike skeiding tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag is 'n kenmerk van moderne demokrasieë. Hierdie skeiding word aanvaar as 'n noodsaaklike kenmerk van 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika.

Die skeiding van magte verhoed dat daar 'n oorkonsentrasie van mag in 'n bepaalde deel van die owerheid gesetel word en dra daartoe by dat daar kruiskontroles ingebou word. Gevolglik moet die grondwet reëlins bevat wat

* voorkom dat die uitvoerende gesag die wetgewende gesag domineer en andersom

* aan die Parlement die gesag verleen om die uitvoerende gesag tot verantwoording te roep

* aan die regsprekende gesag die jurisdiksie verleen om wette van die Parlement en optredes van die uitvoerende gesag aan die hand van die Grondwet en die Handves van Fundamentele Regte te toets en ter syde te kan stel.

DEELNEMENDE DEMOKRASIE : TWEË PILARE

Ten einde die raamwerk wat hier bo geskets is, werklik te laat voldoen aan die eiesoortige behoeftes van die Suid-Afrikaanse situasie en ten einde te voldoen aan die basiese vertrekpunte wat in die eerste paragraaf geskets is, is dit nodig om die Grondwet so in te klee dat

* 'n regstaat (Engels : *Constitutional state*) tot stand gebring word

* 'n stelsel ontwerp word waarin deelnemende demokrasie tot sy reg sal kom.

DIE EERSTE PILAAR : 'N REGSTAAT

Die term *rule of law* word in staatkundige gesprekke gebruik om uitdrukking te gee aan 'n strewende

Oor die spesifieke grondwetlike model waarin hierdie basiese vertrekpunte verwesenlik kan word, mag daar verskil van mening bestaan, omdat daar verskillende wyses is waarop die verlangde resultaat met meerdere of mindere mate van sukses bereik kan word. Om tot die beste moontlike resultaat te kom, beywer die Nasionale Party hom vir

- * **onderhandeling op nasionale vlak ten einde ooreenstemming oor die breë owerheidstruktuur en die plek van sentrale, streek-en plaaslike owerhede binne daardie struktuur te bepaal**
- * **onderhandeling op streekvlak sodat die behoeftes, strewes en probleme van die inwoners van so 'n gebied behoorlik geakkommodeer kan word en**
- * **onderhandeling op plaaslike vlak ten einde samewerking en eensgesindheid op die grondvlak te bewerkstellig.**

STRUKTURELE BEGINSELS

'N DRIEVLAKOWERHEID

Die Nasionale Party stel 'n drievlakregering voor waarin daar aan die sentrale owerheid, streekowerhede en plaaslike owerhede volwaardige wetgewende en uitvoerende funksies en gesag toebedeel word. Streekowerhede en plaaslike owerhede is dus nie blote administratiewe verlengstukke van die sentrale owerheid nie; hulle is nie bloot die gevolg van gedesentra-

liseerde bestuur nie; intendeel elke vlak is kragtens die grondwet waaraan hy sy magte ontleen, "regering" in eie reg met sy eie

- * **verkose owerheid wat teenoor die kiesers verantwoordelik is**
- * **wetgewende en uitvoerende gesag**
- * **belastingbasis.**

Die drievlakowerheidstelsel hou rekening met

- * **die ryke diversiteit van die bevolking van Suid-Afrika, die behoeftes van gemeenskappe in streek- en plaaslike verband en die gevolglike behoefte aan selfseggenskap binne streek- en plaaslike verband**
- * **die behoefte daaraan om regering so na as moontlik aan die landsburger te bring sodat besluite op 'n vlak geneem word waar die burger se posisie ten beste verstaan word**
- * **die behoefte aan 'n gerasionaliseerde en effektiewe staatsadministrasie.**

Die vraag is hoe die grense van streekregering bepaal sal word. Dit is in elk geval noodsaaklik dat die huidige veelvoud van tweedevlakregerings, bestaande uit 4 provinsies, 6 selfregerende gebiede en 3 eie sake-administrasies vereenvoudig en in 'n enkele stelsel van streekregerings opgeneem word. Daar word aan die hand gedoen dat die huidige nege ontwikkelingstreke 'n goeie uitgangspunt vir onderhandeling oor nuwe streekgrense kan bied. Aanpassings hierop sal uit die aard van die saak

INHOUD

Basiese Vertrekpunte	1
Strukturele Beginsels	2
- 'n Drievlakowerheid	
- Die Skeiding van Magte	4
Deelnemende Demokrasie: Twee Pilare	5
- Die Eerste Pilaar: 'n Regstaat	
- Die Tweede Pilaar: Deelnemende Demokrasie	8
Deelnemende Demokrasie: 'n Politieke Model	10
- Inleiding	
- Sentrale Regering	11
* Die Parlement	
* Die Eerste Huis	
* Die Tweede Huis	
* Uitvoerende Gesag	12
- Streekregering	14
* Inleiding	
* Die Wetgewende Gesag	
* Die Uitvoerende Gesag	15
* Substreke	
- Plaaslike Regering	15
* Grondwetlike Raamwerk	
* Deelnemende Demokrasie op Plaaslike Vlak	16
* Die Stadsraad	17
* Buurtrade	
Vryheid en Geregtigheid vir almal in die Nuwe Suid-Afrika	19
- Politieke Inspraak en Effektiewe Deelname in Owerheidstrukture	
- Die Beskerming teen Magmisbruik	20
- Die Erkennung van Vrye en Outonome Belangeterreine van Gemeenskappe	

GRONDWETLIKE REGERING IN 'N DEELNEMENDE DEMOKRASIE

BASIESE VERTREK PUNTE

Die Nasionale Party het hom by herhaling verbind tot die skepping van 'n nuwe staatkundige bedeling deur onderhandeling. So 'n nuwe bedeling moet berus op sekere vaste vertrekpunte. Daar moet gesoek word na 'n stelsel wat onder andere

- * verseker dat algemeen aanvaarde waardes en norme in Suid-Afrika in stand gehou word
- * gebaseer is op universele stemreg in 'n demokratiese owerheidstruktuur
- * vry is van apartheid of diskriminasie in enige vorm
- * vry is van oorheersing
- * 'n geordende en ordelike gemeenskap daarstel
- * 'n goeie regering moontlik maak
- * geregtigheid aan almal laat toekom
- * 'n markgerigte ekonomie met privaat ondernemerskap en maatskaplike verantwoordelikheid bevorder
- * kulturele verskille in Suid-Afrika akkommodeer
- * vrede, vooruitgang en voorspoed aan alle Suid-Afrikaners laat toekom

Geagte Nasionalis

Die dokument wat die Federale Raad van die Nasionale Party hiermee aan u voorlê vir bespreking en kommentaar, skets in breë trekke die denke oor 'n grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika soos dit binne die geleedere van die Nasionale Party ontwikkel het.


Ons poog nie om 'n finale grondwet aan u voor te lê nie; immers, die elemente waaruit die nuwe grondwet gebou moet word, sal deur intensiewe onderhandeling tussen al die deelnemende partye uitgemaak moet word. Wat ons hierin wil doen is om die beginsels onderliggend aan ons eie denke saam te vat en aan u te illustreer hoe daardie beginsels in 'n grondwet tot uitdrukking kan kom.

Soos uit ons tema blyk, streef ons na 'n grondwet wat van so 'n aard is dat die nuwe Suid-Afrika 'n "regstaat" genoem sal kan word. Hiermee bedoel ons dat die grondwet die willekeur van gesagshouers om na goeie dinge te handel, aan bande sal lê en dat die staatshuishouding dus binne paal en perk bestuur sal word. Dit is die eerste pilaar waarop ons denke berus.

Die tweede pilaar van ons denke is dat ons 'n stelsel van "deelnemende demokrasie" voorstaan. Met hierdie term wil ons aandui dat politieke gesag nie totaal in die hande van een persoon, politieke party of groep gesetel mag word nie. Hiermee spreek ons ons dus teen oorheersing van enige aard uit en gee ons voorkeur aan 'n stelsel wat partye en groepe eerder insluit as uitsluit.

Ek vertrou dat u aan ons die voordeel van u oorweging en kommentaar sal laat toekom en dat u so 'n medebouwer sal word aan 'n grondwet wat vir Suid-Afrika 'n nuwe era van geregtigheid, vrede en voorspoed sal inlui.

Met vriendelike groete



Hoofleier